# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 75 Nommer 37 21 September 2025

## Predikant

Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775



## Gereformeerde Kerk Krugersdorp

H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za

## OGGENDDIENS: SONDAG 21 SEPTEMBER – Prof HF van Rooy

**Skrifgedeelte:** Deuteronomium 30 (2020-vertaling)
**Teksvers:** Deuteronomium 30:14
**Tema:** Daders van die Woord, nie net hoorders nie
Daders van die Woord, nie net hoorders nie.
Almal het die taak om die woord uit te dra.
Jy kan dit net doen as jy 'n dader van die woord is.
Deuteronomium bevat Moses se laaste opdragte aan die volk, net voor die intog in die beloofde land. Deuteronomium 29 en 30 bied 'n samevatting van die boek tot op daardie stadium.
Die gode van die volk was ver weg, God en sy boodskap is egter naby. God se volk moes in die beloofde land as sy volk leef en so van God getuig. Gehoorsaamheid bring lewe; ongehoorsaamheid bring die dood. Die volk se ongehoorsaamheid het gemaak dat hulle op die ou einde die land verloor het.
Daarom het God sy Seun na hierdie wêreld gestuur. In Jesus het God se woord mens geword en by ons kom woon. Na sy hemelvaart is Hy steeds by ons deur die Heilige Gees. Die groot vraag is of ons die woord uitleef in alles wat ons doen. Nie net hoor nie, maar ook doen.

## AANDDIENS: SONDAG 21 SEPTEMBER – Dr De Wet Saaiman

**Skrifgedeelte:** Efesiërs 2:1-10
**Teksvers:** Efesiërs 2:8
**Belydenis:** Die Dordtse Leerreëls
**Katkisasie:** Die Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3/4 - Weerleggend
**Tema:** Uit genade, deur geloof: Redding is ’n geskenk van God!

Die vraag *“Wat moet ek doen om gered te word?”* word dikwels verkeerd verstaan. Baie mense dink hulle kan self iets bydra, of dat God net ’n bietjie hulp gee. Efesiërs 2 wys egter duidelik dat die mens totaal dood is in die sonde, sonder enige krag om na God te draai. Sonder Christus is ons slawe van sonde en onder die toorn van God. Tog bring die Evangelie vir ons troos: God self gryp in. Hy gee nuwe lewe, nie omdat ons dit verdien nie, maar uit sy groot liefde en genade. Redding is ’n gawe, ontvang deur geloof, en selfs geloof is ’n geskenk van God. Alles is tot sy eer, nie ons eie roem nie. Maar redding is nie die einde nie. God red ons sodat ons in Christus nuwe mense kan wees wat wandel in die goeie werke wat Hy vooraf bestem het. Só leef ons dankbaar en betoon ons sy liefde aan ander. In die Woordverkondiging let ons op:

a) DOOD in die sonde;
b) REDDING as gawe van God; en
c) GOEIE DADE as vrug van die geloof.

## SONDAG 21 September 2025

Kollektes onder die erediens is vir Barmhartigheid.
Die tweede kollekte vandag is na die oggenddiens vir die Kerkkas en na die aanddiens vir Expando.

Die tweede kollekte Sondag 28 September is na die oggenddiens vir die voedingsprojek en na die aanddiens vir die kerkkas.

**09:00 Oggenddiens: Prof HF van Rooy**

- Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Marizel Fasen
- Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Annerie Saaiman
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 8 – Oudl Hantie Erasmus
- Diakonale Diensbeurt: Groep 3
- Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Tanya van den Berg
- Katkisasie: Les 21 vir Graad 1 tot 8 na die oggenddiens in die katkisasielokale

**18:00 Aanddiens: Dr De Wet Saaiman**

- Katkisasie vir die Belydenisklas tydens die aanddiens. Katkisante bly na die diens agter vir ’n bespreking van die preek en die vrae.

## PROGRAM VIR DIE WEEK 22 TOT 28 SEPTEMBER 2025

**Woensdag 24 September**

Erfenisdag

**Donderdag 25 September**

11:00 Bybelstudie: Mannagroep

15:00 Voedingsprojek, Groep A olv sr Melany van Niekerk; Groep B olv sr Annerie Saaiman

**Vrydag 26 September**

09:00 Voedingsprojek, Groep A olv sr Melany van Niekerk; Groep B olv sr Annerie Saaiman

## Diensbeurte Sondag 28 September 2025

Kleuterkerk tydens die oggenddiens olv sr Annerie Saaiman

Kinderbediening tydens die oggenddiens olv sr Elsabé Joubert

Konsistorie Diensbeurt: Wyk 9 – Oudl Petro Kruger

Diakonale Diensbeurt: Groep 4

Tee/Koffie na die oggenddiens olv sr Carien du Plessis

Katkisasie: Les 22 vir Graad 1 tot 8 na die oggenddiens in die katkisasielokale

## VAN HUIS TOT HUIS

**Gelukwense:**

**Baie geluk aan ons 70-plussers wat in die komende week verjaar:**

***21 September***

- Sr Rina Dubery (073 405 3993) Wyk 23

***22 September***

- Br Christo Smith (083 651 3755) Wyk 37

**24 September**

- Br Pieter Oosthuysen (083 725 0783) Wyk 1

**25 *September***

- Sr Annette Coetzee (073 241 6372) Wyk 9

***26 September***

- Sr Lydia J.v Rensburg (082 873 4265) Wyk 32

***27 September***

- Sr Nico Wahl (082 214 0191) Wyk 40

**Baie geluk aan ons lidmate wat in die komende week verjaar:**

***24 September***

- Sr Tanya Bonsma (084 406 8374) Wyk 18
- Jsr Christine Venter (084 438 0796) Wyk 33

***27 September***

- Br Jaco van der Walt (082 807 5630) Wyk 2

***28 September***

- Br Walter Venter (072 601 2188) Wyk 5

**Baie geluk aan die volgende egpare met die herdenking van hul huwelik:**

***25 September***

- Br Pieter en sr Myra Coetzer (083 455 7703) Wyk 40 met hul 54ste herdenking
- Br Fanie en sr Gonda du Plessis (084 592 8140) Wyk 3 met hul 26ste herdenking

**Lief en leed:**

- Ons is saam met sr Rita Woudstra (082 878 1486) Wyk 41 dankbaar dat sy goed aansterk na haar voetoperasie. Mag die HERE haar nog verder dra in die hersteltyd.
- Sr Corry Faling (082 421 8380) Wyk 21 het 'n voetoperasie ondergaan en sterk tans tuis aan. Beterskap en sterkte word haar vir die herstelpad toegebid.
- Sr Alet Steyn (072 143 1957) Wyk 36 is in die Flora Life hospitaal in die hoësorg opgeneem. Ons bede is dat die HERE haar kragte sal versterk.
- Die swaer van br Lubbert en sr Irene van Andel (Hans Pelzer, die skoonpa van Henriette) is na 'n siekbed in Durban oorlede op 83 jaarige ouderdom. Ons bid die familie vrede en rustigheid toe vir die pad wat vir hulle voorlê.
- Br Eddie en sr Hester Corbett (082 416 1761) Wyk 32 se broer Andre is oorlede. Mag die Here die gesin vertroos en in die geloof versterk.

**Dankie:**

- 'n Woord van dank aan al ons susters wat onder leiding van sr Rensche gehelp het met die voorbereiding, die bediening van tee en koffie en die opwas en opruim daarvan tydens die troosdiens van wyle sr Martie Opperman. Groot waardering vir julle onbaatsugtige hulp en toewyding.
- Baie dankie aan al die gemeentelede wat bygedra het tot die Forum se projek. Dit was suksesvol.

## KENNISGEWINGBORD

**Kollektes: 14 September 2025**

| | |
|---|---|
| R 1718.10 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 915.00 | Oggend: Deure/ Kerklike tydskrif |
| R 250.00 | Aand: Barmhartigheid |
| R 170.00 | Aand: Deure/ Kerkkas |

**SnapScan: 14 September 2025**

| | |
|---|---|
| R 1146.14 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 460.39 | Oggend: Deure/ Kerklike tydskrif |
| R 77.30 | Aand: Barmhartigheid |
| R 159.59 | Aand: Deure/ Kerkkas |

## *Beroepenuus*

Beroepe bedank

- Ds PGP (Pieter) le Roux van GK Wonderboompoort na GK Kuruman
- Ds FJ (Fritz) Potgieter van GK Bloemfontein-Suid na GK Nelspruit/Barberton as medeleraar
- Ds JG (Jacques) Tredoux van GK Pretoria-Brooklyn na GK Vaalpark

## *Gedagte vir die week*



Daarom gee ons nie moed op nie, want selfs al vergaan ons uiterlike mens, word ons innerlike mens van dag tot dag vernuwe.
2 Korintiërs 4:1

## *Forum – Augustus byeenkoms*

Dit was ŉ heerlike, gesellige byeenkoms. Alhoewel ŉ rukkie terug, bly die herinneringe soos juwele in ŉ mens se geheue. Daar was so ŉ heerlike atmosfeer van samesyn. Die 'bly te kenne' vir nuwe vriende was ŉ opregte groet uit die hart. Die kuier sit sommer ŉ unieke huppel in ons stap. Ons stap met dapper en stapper, net so, of met ŉ bietjie hulp, maar kom, kom ons. Daar is karretjie stappers, kierie vastrappers, en meer. Ons kuier lekker saam.

Dr De Wet open vir ons met soveel pitkos in sy opening: Trek daardie veelbesproke lyn in die sand wat moet keer teen wat verkeerd is. Die gewoonte tot hiertoe en niks verder nie. Bely jou sonde en herstel jou saak met die Here. Dr De Wet vra ŉ interessante vraag. Haal jy geestelik asem? God se Gees is in jou. Hy blaas asem in jou gees. Sý gees gee ons lewe! Die Heilige Gees is altyd beskikbaar. By my het ŉ prentjie opgekom van Peter Pan, wat nie sy skaduwee kon afskud nie. Ons geestelike skaduwee bly nie bý ons nie, hy bly in ons. Nooit laat hy ons alleen nie.

Leenster kom aan die woord. Daar is hulpvaardige mense in ons groep en dan is daar engele. (Hulle vlerke is net by die "dry cleaners"). Onse engele is Sheila en haar span. Ons hoor nie altyd wat hulle alles doen om te help nie. Die keer het hulle die vorige aand tafels kom regsit en dek. Daar is ander wat ook sò hulpvaardig hand bysit, soos Marinda van Moria, Greet en meer. Baie dankie namens Leenster en julle mede-Forumvriende.

Weereens hierdie jaar, moes ons afskeid neem van een van ons lede. Ons betuig ons meelewing met familie en vriende van Johan van Tonder, wat oorlede is. Ons admireer die wat agterbly, veral wanneer hulle terugkeer na ons kuiers. Ons koester julle.

Leenster deel die lief en leed. Onder andere die vark van ŉ griep wat Rita en ander so siek maak. Dan raak Leenster diep. (Leenster, ek wens ek kon jou woord vir woord, gedagte vir gedagte aanhaal. My geheue en aantekeninge laat my egter in die steek). In kort, sê-vra Leenster 'Waaruit bestaan die lewe? Êrens ly iets skade. Soos Leenster self bely, haar alewige GO, GO, GO Is te veel 'go' en dan verloor sy ander dele van die lewe. Is dit ons manier om êrens te wil behoort?

Leenster noem plekke op aarde waar daar nog ŉ gedeelde lewe is, die familie ŉ eenheid. Die gemeenskap wat saam staan, saam kuier, mekaar geselskap hou. Die lewe deel. Hier by ons is deur die jare so ŉ kosbare verryking van ons lewens gevorm, die gesels, die deel van klein dingetjies. Daardie aanraking, ŉ klop op die skouer, ŉ lekker drukkie, die oogkontak. Koester en behou, bewaar ons samesyn.

Hier eindig die moelike vrae en gaan ons oor na die KOS!! Mense, wat ŉ belewenis!
Met patats het sy my hart betower;
Met hoenderpastei;
My ewige bewondering gekry.
My eerste stukkie liedjie in jare.
Wat ŉ ervaring!!!
Hoor die stilte-
Van ŉ versadigde skare.

Dankie, dankie tienduisend maal dankie Leenster vir die bederf, kos so smaaklik met goeie geselskap. Dis die lewe op sy beste! Ons dank ook aan die diakonie wat bydra om ons kuiers moontlik te maak. Tot wederom, kom kuier saam, nuwe gesigte, ou gesigte, kom deel ŉ oggend van sielsverrykende samesyn.

- Martha Wynn

## *PREEKPROGRAM – DERDE KWARTAAL 2025*

21 September
Oggend: Besoekende predikant – prof HF van Rooy
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls – Hoofstuk 3/4:4 – Weerleggend – Ons is uit genade, deur geloof gered! Efesiërs 2:1-10 (T = Ef. 2:8).

28 September
Oggend: Dr De Wet – Die Onse Vader (9) – Aan u behoort die Koninkryk. 1 Kronieke 29:10-30; Matteus 6:1-18 (T = 1 Kron 29:10-13 & HK, Sondag 52b).
Aand: Dr De Wet – Die Dordtse Leerreëls - Hoofstuk 5:1-2 – Stellend & Weerleggend – Dood vir die sonde, maar lewend vir God! Romeine 7:7-25 (T= Rom. 7:24-25).

**SKOLE SLUIT (3 OKTOBER)**

5 Oktober (Dr De Wet verlof)
Oggend: Besoekende predikant – ds Jannie van der Schyff
Geen aanddiens.

12 Oktober
Oggend: Besoekende predikant – ds Jannie van der Schyff
Geen aanddiens.

**SKOLE OPEN (13 OKTOBER)**

## *Die dood wink... (3)*

### Saam met Christus

Dit is waar jou geliefde – wat in Jesus geglo het – is wat reeds dood is. Dit is waarheen die Here met jou op pad is. Jy hoef beslis nie vir die dood bang te wees nie. Jy kan en moet daarna uitsien – soos Paulus gesê het: "*Ek verlang daarna om heen te gaan en* ***saam met Christus*** *te wees*." "*Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal. Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?*" (**1 Kor. 15:54-55**). Christus het met sy dood en opstanding die dood vir ons oorwin – **Romeine 6:4-5**: "*Deur die doop is ons immers* ***saam met Hom*** *in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei. Aangesien ons* ***met Hom een geword het in sy dood****, sal ons sekerlik ook* ***met Hom een wees in sy opstanding****.*"

Reeds in die Ou Testament verseker die Here ons dat, al is ons hier op aarde vreemdelinge en bywoners, het ons 'n woonplek in die hemel. **Prediker 12:5** leer ons daar kom 'n "*tyd wanneer die mens na sy* ***ewige woning*** *gaan*." Jou plek in die hemel word vir jou bewaar, en jy word vir jou plek (jou ewige saligheid) veilig bewaar (1 Pet. 1:4-5).

Benewens die frase "saam met Christus" is daar nog twee sinsnedes in **Filippense 1:23** wat ons van nader moet bekyk: "*Ek verlang daarna om* ***heen te gaan*** *en* (saam) *met Christus te wees*" en "*dit is* ***verreweg die beste***."

### Heengaan

Dit het by ons deel van ons algemene spreektaal geword om van iemand se dood as "heengaan" te praat. Só praat ons op 'n sagte manier van die dood – en dit is ook mooi en reg so. Dié woord kom uit Filippense 1:23 en het 'n baie

ryk betekenis. In daardie tyd het die woord “heengaan” ten minste twee betekenismoontlikhede gehad:

(1) As jy met jou kameel op reis was deur die woestyn, dan pak jy by 'n oase af en slaap die nag daar. “Heengaan” is: Jy trek jou tentpenne uit, pak al jou goed weer op jou kameel en versit tot by die volgende oase. Hierdie hele proses, vandat jy jou eerste tentpen uittrek totdat jy by die volgende oase aankom, is “heengaan”. Dit is hoe die dood is: Die Here trek jou tentpenne hier uit (want hierdie lewe is 'n tentwoning) en Hy vat jou na jou volgende (baie bekende!) bestemming. Paulus noem dit ook pertinent in die teks: *Saam met Christus*. Dit is waarheen die Here met jou op pad is. Hy sê dit vir jou noual sodat jy dit weet: As jy heengaan, is jou bestemming **saam met Christus in die hemel** – vir ewig! En dit is ons troos as ons aan ons geliefdes dink wat reeds dood is: Hulle het heengegaan na Christus toe. Veilig. Verheerlik. Sonder sonde. Sonder kommer. Sonder pyn.

(2) Die woord “heengaan” is ook gebruik vir 'n skip wat in 'n hawe vasgeanker is. “Heengaan” is die hele proses vandat die skip in die kaai losgemaak word van die land, totdat dit by die volgende (bekende!) hawe vasmeer. Dit is soos die dood is: Die Here maak jou los van hierdie lewe, en Hy “meer jou vas” in die hemel **saam met Christus** – vir ewig!

Ons verblyf hier by die oase en by die kaai is tydelik. Ons woon net vir tyd lank in 'n tent. Net vir 70 of 80 jaar. Jou lewe hier as bywoner en vreemdeling is dan verby. Maar dan vertrek jy na 'n beter lewe. Die Here het dit vir ons so pragtig in **2 Korintiërs 5:1** deur Paulus laat opteken: “*Ons weet dat, wanneer ons **aardse woning** wat maar 'n **tent** is, afgebreek word, ons 'n **vaste gebou in die hemel** het. Dit is 'n woning wat nie deur mense gemaak is nie, maar deur God, en **dit bly ewig staan***.”

(Volgende keer kyk ons na die frase “verreweg die beste”.)

**–** Dr. André Grové




## Bankbesonderhede

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar* Proeflesers

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (082 334 7913); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).